# Die teologiese gerigtheid van die Departement Kerkgeskiedenis 1957-1992

J J Steenkamp

Universiteit van Pretoria

Abstract

The theological character of the Department of Church History 1957-1992

The theological character of the Department of Church History at the Theological Faculty (Sec A) of the University of Pretoria is closely connected to the life and work of prof dr A D Pont. He accepted the call to the chair as a commission of the Church. His thought represents an extract of biblical and reformational theology enriched by a wide spectrum of theological thinking from the past and the present by great theologians like Kohlbrugge, Hoedemaker, Barth, Cullmann and Noordmans. The theology of the Reformation, however, is taken as the criterion of comparison for the history of the church before and since. With regard to South African Church History, Pont laid the foundations for a typical theology of the Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, emphasising the close relationship between the Church and the Afrikaner.

## DIE BEGINJARE

By sy ampsaanvaarding as hoogleraar en hoof van die Departement Geskiedenis van die Christendom aan die Universiteit van Pretoria in 1957 kon prof dr A D Pont hom verheug oor 'n departement waarin reeds 'n groot hoeveelheid werk verrig is op sy vakgebied. Sy voorganger, prof dr S P Engelbrecht was, wat die Ned Herv

Kerk betref, inderdaad die grondlegger van die wetenskaplike bestudering van die geskiedenis van die Afrikaanse kerke (Pont [1967b]:172). Engelbrecht wat reeds sedert sy skooljare kerkhistoriese gegewens versamel het (Erasmus 1958:39), het met sy argiefwerk en geskrifte 'n ryk erfenis aan kerk en volk nagelaat. Terwyl hy eintlik 'n groter argivaris as teoloog was, het hy met belangrike voorbereidingswerk 'n stewige fondament gelê waarop 'n bekwame teoloog verder sou kon bou. Pont kon dus begin met 'n merkwaardige versameling van historiese gegewens wat van onskatbare waarde is.

Na die mislukte kerkvereniging van 1885 en die rampspoedige gevolge van die Engelse Oorlog 1899-1902 is die bestaansreg van die Ned Herv Kerk van verskeie kante misken. Engelbrecht het met sy arbeid daarin geslaag om die respektabele geskiedenis van die kerk onder die aandag van lidmaat en teenstander te bring. Uiteraard was hierdie werk gekenmerk deur polemiese trekke wat baie kritiek ontlok het, maar nie die basiese korrektheid van sy feite en gevolgtrekkings omvergewerp het nie. Die laaste salvo's in die stryd is gevuur in die kontrovers tussen Engelbrecht en G D Scholtz waartydens Engelbrecht met eer uit die stryd getree het en aan die Ned Herv Kerk sy bestaansreg bevestig het (Pont 1958:42-43). Pont kon dus begin toe die gemoedere oor dié saak reeds grootliks kalmeer het en die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis met meer rustigheid beoordeel kon word.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog en direk daarna het daar vanweë 'n verskil van politieke opinie en persoonlikhede 'n verwydering tussen die Hervormde Kerk en die Fakulteit Teologie ingetree. Die kerk was nasionaal-gesind, terwyl die Fakulteit meer aan die kant van die Smuts-regering gestaan het. Dit is vererger deurdat A van Selms, nadat hy aanvanklik die Afrikaner-nasionalisme goedgesind was, teen die Afrikaner gekeer geraak het vanweë die Afrikaner se simpatie met Duitsland. Hy het hom toe aan die kant van A S Geyser geskaar. Na 1948 se oorwinning van die Nasionale Party en die stigting van die Wêreldraad van Kerke later in die jaar het die verskille ook teologiese inhoude begin kry. Hoewel Van Selms teologies 'n Barthiaan was en dus eintlik net polities van die kerk verskil het, het die afstand al groter geword omdat hy ook teologies simpatie met die moralisties-geïnspireerde ondersteuning van die *Social Gospel* van Geyser begin toon het.

Dit kan ook nie ontken word nie, dat die persoonlikhede van Geyser en Van Selms nie juis daartoe bygedra het om die verwydering te herstel nie. S P Engelbrecht het homself in 'n ongelukkige middelposisie bevind. Die kerk het onder leiding van manne soos H P Wolmarans, A J G Oosthuizen en J G M Dreyer die Bybels-reformatoriese teologie gehandhaaf en uitgebou. Nadat die verskille reeds op die Algemene Kerkvergadering van 1948 merkbaar geraak het, het dit verskerp met die besoek van die eerste Sekretaris-Generaal van die Wêreldraad van Kerke, W A

Visser 't Hooft aan Suid-Afrika in 1952. A J G Oosthuizen het die teologiese verskille as verteenwoordiger van die Ned Herv Kerk by die Algemene Vergadering van die Wêreldraad van Kerke te Evanston baie skerp herken en aangedui (Steenkamp 1987:54-55).

Toe Pont in 1957 die hoogleraarsamp aanvaar, het hy in die persoon van prof dr B J Engelbrecht, hoogleraar in Dogmatiek en Christelike Etiek,'n bekwame en toegewyde medestander gevind om die verwydering tussen die kerk en die Fakulteit uit die weg te ruim. Benewens die feit dat die twee here daarin geslaag het om die Fakulteit weer diensbaar aan die kerk te maak, kan dit sekerlik gesê word dat hulle in die twee en dertig jaar wat hulle kollegas was, grootliks die teologiese denke in die Fakulteit en die kerk bepaal het. Hulle het inderdaad die verbintenis tussen die Fakulteit en die kerk tot 'n besondere hoogtepunt gevoer en dit nie vanweë politieke oortuigings nie, maar danksy hulle teologiese diensbaarheid aan die kerk.

## VAKOPDRAG

Vanaf 1917 was die departement bekend onder die benaming Geskiedenis van die Christendom, waarskynlik so genoem in aansluiting by die benaming in Nederland waar die *Academisch Statuut* die vakgebied so betitel het. Dit was die benaming van die breë vakgebied soos wat dit ontstaan het in die negentiende-eeuse Nederland tydens die opbloei van die algemene godsdiens-geskiedenis. Die bedoeling was om die vakgebied ten opsigte van die kerk te verselfstandig, terwyl die vak inhoudelik die mensheidsgeskiedenis beskryf waar die Christelike boodskap 'n invloed uitgeoefen het op alle terreine van die menslike lewe, byvoorbeeld die kultuur in die algemeen, die staatkunde, die maatskaplike lewe en die kuns (Bakhuizen van den Brink 1965:1; Pont [1967b]:167). Dit was dus nie uitsluitlik die geskiedenis van die kerk nie.

In sy professorale intreerede op 17 Maart 1957 betuig Pont sy verbondenheid aan sy leermeesters Engelbrecht en M van Rhijn, maar toon ook aan dat daar tóg nuwe aksente van hom te wagte kan wees. Voorlopig is die vakopdrag gehandhaaf met die vakgebiede Algemene Kerkgeskiedenis, Dogmengeskiedenis, Nederlandse Kerkgeskiedenis, Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg. Algaande is Nederlandse Kerkgeskiedenis as aparte vakgebied laat vaar en ingeskakel onder Algemene Kerkgeskiedenis in soverre dit betrekking het op en belangrik is vir die bestudering en dosering van die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis. Dit het veral gevolg nadat die verhouding tussen die Nederlandse Hervormde Kerk en die Afrikaanse kerke sedert die Tweede Wêreldoorlog vanweë politieke en teologiese verskille ver-

swak het, asook die feit dat die teologiese opleiding aan die Fakulteit al meer selfstandig begin raak het (Pont [1967b]:165-166).

Wat die Algemene Kerkgeskiedenis betref, het die klem ook al meer verskuif van die Nederlandse Kerkgeskiedenis na die geskiedenis van die Hervorming van die sestiende-sewentiende eeu (Engelbrecht 1991). Dit hang saam met die feit dat Pont in sy benadering van die Kerkgeskiedenis die kerk as 'n geestelike gemeenskap beskou en nie soseer as 'n ruimtelike grootheid nie.

Om dieselfde rede het Pont in 1973 die naam van die Departement verander van die Geskiedenis van die Christendom na Kerkgeskiedenis. In dieselfde jaar het, ná 'n ooreenkoms met die Departement Dogmatiek en Christelike Etiek, die vak Dogmengeskiedenis verskuif van Kerkgeskiedenis na Dogmatiek. Ook dit hang saam met Pont se besondere beskouing van die Kerkgeskiedenis as die geskiedenis van 'n geloofsgemeenskap wat nie bloot 'n kroniek van historiese gebeure mag wees nie, maar wat inderdaad 'n teologiese perspektief behoort te hê. Soos wat die Algemene Kerkgeskiedenis sowel as die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis tot hede toe aangebied word, is dit geskiedenis wat gedra word deur dogmenhistoriese perspektiewe sodat die motivering vir die afsonderlike aanbieding van Dogmengeskiedenis eintlik verval het.

Gevolglik word Algemene Kerkgeskiedenis, Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis en Kerkreg tans in die Departement bestudeer en gedoseer. Onder 'Algemene Kerkgeskiedenis' word gekonsentreer op die geskiedenis van die kerk soos dit verloop het van sy stigting af, oor die geskiedenis van die Westerse kerk na die Hervorming en vandaar soos dit verloop het in Frankryk, Nederland en Brittanje tot met die volksplanting aan die Kaap. Hierna word, wat die agtiende en negentiende eeu betref, klem gelê op die Kerkgeskiedenis van die tyd van die Rasionalisme en Verligting (*Aufklärung*) en wel soos dit verloop het in veral Frankryk, Duitsland, Engeland en Nederland. As onderdeel van die Algemene Kerkgeskiedenis word sedert 1976 die geskiedenis van die Ekumeniese Beweging ook gedoseer.

Wat die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis betref, word eintlik net die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika gedoseer. Die geskiedenis van ander kerke in Suid-Afrika word slegs vermeld in soverre dit die Nederduitsch Hervormde Kerk raak. Dieselfde geld die beskrywing van die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in die Departement. Enersyds is dit te wyte aan baie dringende skryfwerk wat nog oor die Hervormde Kerk self gedoen moet word en wat gevolglik die aandag in beslag neem; andersyds sou 'n breëre bestudering en beskrywing van minstens die Afrikaanse kerke net moontlik wees indien aan die teologiese en geestesstrominge wat in die kerke teenwoordig is en nie tot één kerk beperk is nie, aandag gegee word (Pont 1967a:42).

## IETS TEOLOGIES EN PERSOONLIKS

Enige bepaling van die teologiese gerigtheid van die Departement Kerkgeskiedenis is onlosmaaklik verbonde aan die persoon van A D Pont as die enigste voltydse lid en hoof van die Departement. Daarom word hier kortliks en baie voorlopig 'n aanduiding gegee van sy teologiese ingesteldheid en hoe dit voet gevind het in die Fakulteit.

Pont was een van die studente wat gedurende sy BD-jare oortuig geraak het dat daar 'n groter teologiese wêreld bestaan as dit wat binne die bestek van drie jaar aan die Universiteit van Pretoria aangebied kon word. Daarom het hy self verder gaan soek. Die soektog het in Nederland by die Piëtisme begin wat 'n oewerlose moeras geblyk het. Benewens sy navorsing oor N J van Warmelo, het hy kennis gemaak met die groot teoloë van sy tyd, naamlik die dialektiese teoloë van die Duitse wêreld, hulle eksponente in Nederland en die enkele selfstandige denkers soos byvoorbeeld Oscar Cullmann en Noordmans.

Dit was veral Karl Barth wat by hom 'n bewustheid vir die Objektiewe Teologie gekweek het. God is in die hemel en die mens op die aarde. Die heil is objektief in Christus teenwoordig. Pont laat dink aan Barth se antwoord op die onversigtige vraag, naamlik wat Barth van God dink. Barth het geantwoord dat dit nie belangrik is wat Barth van God dink nie, maar wel wat God van Barth dink.

Soos B J Engelbrecht het Pont egter ook vasgestel dat 'n teoloog nie van Barth alleen kan leef nie (Engelbrecht 1991). Sy soektog het van Barth na Luther beweeg by wie hy die profetiese waarheidsbegrip vanuit die Heilige Skrif leer ken. Uiteindelik kom hy by Calvyn tereg wat aan hom 'n blywende waardering vir die kerk as liggaam van Christus gegee het. Van Calvyn af het hy die spore van die kerk gevolg tot waar hyself besig is om in die kerk teologie te bedryf. Skoolvormende denke soos wat in Europa aangetref word, het nie 'n invloed op Pont gehad nie. Hy is daarom ook geen skoolstigter nie – skoolvorming berus immers nie op die Woord van God nie, maar op menslike denke oor die Woord.

Pont se ywer en fenomenale werkkrag het hom in staat gestel om steeds op die voorpunt van die ontwikkeling van sy vakgebied te bly. In die klas was sy studente bevoorreg om die resultate daarvan te geniet, deurdat hy jaarliks nuwe lesings aangebied het. Dit het by meer as een geleentheid gebeur dat hy studente aangesê het om die lesings wat hulle tot in daardie betrokke stadium in 'n jaar ontvang het, weg te gooi, omdat hy intussen 'n nuwe stel geproduseer het. Of dit ooit na waarde geskat is – veral deur studente? Die tentamens en eksamens wat Pont afgeneem het, was merkwaardig. Elke student kon ervaar dat hy as 'n respektabele medeakademikus behandel word van wie ook die hoogleraar iets kon leer. Sulke geleenthede het die kenmerke gedra van 'n universele grootheid en deftigheid.

## GESKIEDSKRYWING

Hoewel hy self 'n wetenskaplike geskiedkundige was, het Pont se voorganger nie die geskiedskrywing as sodanig begrond nie. Die filosofie van die geskiedskrywing (Dreyer 1974:24) was nie vir hom 'n tersaaklike onderwerp nie. Dit was egter die eerste saak waaraan Pont aandag gegee het. In sy professorale intreerede op 17 Maart 1957 lê hy die basiese grondlyne neer vir die geskiedskrywing wat steeds in die Departement geld (Pont [1957]).

Vir Pont is gebeure in die verlede geskiedenis as daar 'n verband is tussen die gebeure en die mense wat in die hede lewe. Vanweë dié verband is die geskiedenis teenwoordige verlede. Dit is 'n gesprek met die verlede waarin die stem van die verlede vasstaan. As die verlede toegelaat word om die gesprek te oorheers, is die geskiedskrywing objektief. Sou die hede egter die verlede versteur, word geskiedskrywing subjektief.

Dit is egter Pont se oortuiging dat volkome objektiewe geskiedskrywing nie moontlik is nie. Wat wel vereis kan word, is dat eerstens alle feite in aanmerking geneem moet word, tweedens moet die feite korrek weergegee word en derdens moet die verband van die feite met die geheel van gebeure in die verlede en in die hede aangetoon word. Indien aan hierdie vereistes voldoen is, is die hoogste mate van objektiwiteit bereik, want hierna sal die vooronderstellings van die skrywer onvermydelik 'n rol begin speel. Die skrywer se verstaan en waardering van feite en hulle verbande is 'n subjektiewe saak. Pont aanvaar dat die objektiwiteit van die geskiedskrywing afhanklik is van die skrywer se benadering en waarde-oordeel, dit wil sê, die vooronderstelling van die skrywer hang saam met die sin of betekenis wat hy aan die geskiedenis toeken (Pont [1962]:148). 'n Historiese dokument of feit het dus vir Pont nie 'n 'objektiewe waarde' in die sin dat 'n geskrewe stuk net sê wat daar staan nie. Eers in verband met alle ander tersaaklike eietydse gebeure en gevolge van 'n gebeurtenis, of gebrek daaraan, kan die geskiedkundige waarde daarvan bepaal word. En dit word bepaal deur die skrywer.

Nodeloos om te sê dat hierdie uitgangspunt 'n geweldige verantwoordelikheid op die skrywer plaas. Dosering van Kerkgeskiedenis in die Departement het dus behels dat deurgaans 'n poging aangewend is om 'n verband te lê tussen gebeure uit die verlede van die kerk en die studente in die klaskamer wat self die kerk in die hede is.

Kerkgeskiedenis is vir Pont begrensde geskiedenis; nie geskiedenis in die algemeen nie, maar spesifiek die geskiedenis van die kerk. Daarom het hy reeds by sy professorale intreerede aangedui dat hy teenoor die omvattende benaming 'Geskiedenis van die Christendom' vir die Departement die beperkende benaming 'Kerkgeskiedenis' verkies (Pont [1957]:5).

Uitgaande van die kerkbegrip van die Nederlandse Geloofsbelydenis is die kerk vir hom 'n inhoudelike begrip en nie eerstens ruimtelik bepaalbaar nie: 'Inhoudelik beteken Kerk daardie gemeenskap, daardie groep mense in die verlede en die hede wat rondom Jesus Christus, die Seun van God, wat een maal op aarde verskyn het, geskaar is, daardie mense wat Jesus Christus as Hoof en Heer en Verlosser glo en aanvaar' (Pont [1962]:148).

Die kerk is in die eerste plek 'n geestelike liggaam en in die Kerkgeskiedenis behoort die nadruk op dié aspek te val (Pont 1967a:43). Daarom het die Kerkgeskiedenis vir Pont, in teenstelling met Heussi (1971:5), 'n eie bepaalde karakter (Pont [1962]:149). Die Kerkgeskiedenis wat bestudeer en beskryf (moet) word is die geskiedenis van die kerk wat verloop vanaf die koms van Christus tot die hede, met die bedoeling om die kerk van die hede op te roep tot verantwoordelikheid met die oog op die toekoms. Want die kerk is op pad na die wederkoms van Christus.

In hierdie skema gaan Pont uit van 'n iinière geskiedsbeskouing wat met die skepping begin en in 'n reguit lyn verloop na die wederkoms van Christus. In aansluiting by Otto Michel (1966), Oscar Cullmann (1962) en H Berkhof (1966) beskou hy Jesus Christus as die draende middelpunt van die geskiedenis asook die einde en laaste sin van die geskiedenis. Dit is juis die wederkoms van Christus wat aan die kerk en die wêreld 'n linière geskiedenis en tydsbegrip in teenstelling met die sikliese tydsbegrip van die Grieks-Hellenistiese wêreld gee.

Saam met Oscar Cullmann (en in dié sin in teenstelling met Schweitzer se konsekwente eskatologie en Bultmann se eksistensialisme), aanvaar Pont die heilsgeskiedenis. Jesus Christus is God in ewigheid wat in die tyd indaal (om vir 'n oomblik 'n ruimtelike visie te gebruik). Die indaal in die tyd as die volledige openbaring van God, is heilsgeskiedenis en oral waar die openbaring ná Pinkster gelowig aanvaar word, is deel van die heilsgeskiedenis.

Hierdie beskouing van die kerk baseer Pont op die kennis dat Lukas in die Evangelie en die Handelinge aanduidings gee van die heilsgeskiedenis. In die Evangelic van Lukas word beskryf dat God mens geword het in Jesus Christus. Sy mensheidsgeskiedenis verloop tussen geboorte en opstanding – die openbaring van God, inderdaad Immanuel, heilsgebeure.

In die Handelinge beskryf Lukas eintlik die tydperk waarin die heilsgeskiedenis onder die Heilige Gees begin in die lewe van die kerk. Vaste punte in die skema is die hemelvaart van Christus en Pinkster. Hier begin die geskiedenis van die kerk waar God die Heilige Gees die mens gebruik. Dit is die heilsgeskiedenis van die genade van God wat geloof wek by die uitverkorenes, die kinders van die verbond. So roep die Heilige Gees die kerk in aansyn en dra die kerk na die einde van die tyd, die wederkoms van Christus. Die kerk se geskiedenis is dus eintlik die geskie-

denis van die werking van die Heilige Gees met die mens. Dit word gekenmerk deur die gelowige aanvaarding van die heil in Christus of die ongelowige verwerping daarvan deur ketters. Die taak van die Kerkgeskiedenis is om hierdie gang van die kerk deur die wêreld met sy hoogte- en laagtepunte te beskryf (Pont 1991a).

Anders as in die sekulêre geskiedenis is daar in die Kerkgeskiedenis dus volgens Pont nie maar net 'n afloop van kausaal-opeenvolgende gebeure nie. Die kerk se geskiedenis word nie bepaal deur slegs dit wat mense gedoen of nagelaat het nie. In die beskrywing van die Kerkgeskiedenis kry die skrywer dus nie net te doen met die empiries-navorsbare historiese gegewens wat as die stem van die verlede met die hede in gesprek tree nie. Daar is in die geskiedenis van die kerk 'n ander bepalende stem, naamlik die stem van die Vader, die Woord van God (Pont [1957]:8).

Die stem word in die kerk gehoor in die verkondiging van die evangelie deur die prediking wat, anders as by Cullmann, nie hoofsaaklik die sendingbevel van Christus (Matt 28:19) dien nie, maar die kritiese elemente bevat van troos en tug oor kerk en wêreld.

Die Kerkgeskiedenis moet dus, naas die kausaal-bepaalbare gebeure wat op 'n horisontale vlak lê, ook en veral die heilsgeskiedenis kan aandui wat vertikaal, 'senkrecht von oben' plaasgevind het. Dit is duidelik dat die kerk van die *credo* wat so beskryf moet word, hom onttrek aan eintlike historiese behandeling. Daarenteen leen die lewensvorme van die kerk van Christus in die geskiedenis hom by uitstek daarvoor (Bakhuizen van den Brink 1965:5). Uiteraard staan die gevaar van natuurlike teologie in die vorm van openbaring deur die geskiedenis vir die historikus voor die deur. Pont vermy hierdie valstrik deur die enigste werklike maatstaf aan te wend, naamlik die Heilige Skrif en daarmee telkens Jesus Christus as die ewige teenwoordige te poneer. So is die Kerkgeskiedenis steeds 'n hulp vir die kerk in sy taak om die mens op te roep tot 'n ontmoeting met Jesus Christus hier en nou, as 'n oproep tot verantwoordelikheid met die oog op die toekoms. As sodanig het die kerk 'n kategetiese funksie, gepaard met 'n sterk didaktiese karakter (Pont [1962]: 151).

## ALGEMENE KERKGESKIEDENIS

Die Algemene Kerkgeskiedenis word ter wille van die aanbieding vir die drie BD-jare verdeel in drie tydperke, naamlik van die begin af tot voor die Hervorming (0-1500), die Hervorming (1500-1648) en vanaf 1648 tot vandag. Inhoudelik word die geskiedenis in sewe tydperke verdeel, naamlik die beginjare (0-100), die vroeë algemene of katolieke kerk (100-313), die kerk as staatskerk (313-600), die Middel-

eeue (600-1500), die Hervorming (1500-1648), die post-reformatoriese periode (1648-1914) en laastens die nuwere tyd (1918 tot vandag).

Die jaartalle hierbo aangegee is uiteraard vastepunte wat ongeveer die periodisering aandui. Die periodisering self is 'n subjektiewe waarde-oordeel oor die belangrikheid van die gebeure in die verlede van die kerk vir die Nederduitsch Hervormde Kerk. So word in elke periode gebeurtenisse beklemtoon in soverre dit betrekking het op die bestaan van die Nederduitsch Hervormde Kerk as geloofsgemeenskap. Dit behels nie net die gebeure wat as ligbakens uit die verlede uitstaan nie, maar ook dié wat as struikelblokke op die pad van die kerk deur die wêreld na vore gekom het.

Terwyl die dosering van die vak vanweë die omvang daarvan hoogstens 'n inleiding kan wees, is die inleiding 'n poging om so omvattend moontlik te wees. Daarom word telkens gewys op gebeure wat bepalend was vir die bloei, verval of hervorming van die kerk. So is verskynsels soos die kanonvorming en kerkordelike maatreëls van belang in die beginjare. Later word die verhouding kerk-staat belangrik vanweë die vervolgings en die kerk se antwoord daarop. Die wel en weë van die kerk as staatskerk, die vroeë konsilies en hulle belangrikheid vir die handhawing van die ware leer asook die afwysing van die valse leer is steeds ter sake vir die kerk vandag.

Die opkoms van die pousdom en die gepaardgaande verval van die perspektief dat dit eintlik Christus is wat sy kerk regeer, dien as waarskuwing vir alle tye. So is die arbeid van kerkvaders soos Tertullianus en Augustinus van bepalende belang in die vorming van die kerklike dogma. Kennisname van teenfigure soos Pelagius dien ons verstaan van soortgelyke afwykende teologiese denke in ons tyd. Baie belangrik as voorarbeid om die Hervorming te begryp, is die rol wat die monnikewese gespeel het. Die middeleeuse *imitatio Christi*-vroomheid as 'n geestesstroming wat eintlik die kruisgebeure wil kanselleer, vind vandag navolging in sogenaamde sosiaal-etiese keuses en optredes. As 'n waarskuwing teen die tendens om die filosofie as die onderbou vir 'n teologiese bobou te gebruik, dien die middeleeuse Skolastiek wat, hoewel indrukwekkend, geen werklike troos vir die sondaar kon bied nie. So is die Renaissance en die Humanisme vanaf die vyftiende eeu, omdat die mens en sy prestasies na vore gebring word, soms klatergoud, soms vyand van kerk en evangelie.

Die Hervormingsgeskiedenis van die sestiende-sewentiende eeu waar teruggekeer word na die Pauliniese teologie veral via Augustinus, is vir die Departement die oorheersende tydperk in die geskiedenis van die kerk na Pase. Dit vorm 'n hoogtepunt vanwaar in retrospeksie die gang van die voorafgaande geskiedenis beoordeel kan word, om geen ander rede nie, as dat die *sola scriptura* van die Reformatore die norm is. Net so het die Hervorming die grondslae gelê vir die Kerk-

geskiedenis van die afgelope vier eeue. Die Hervormingsgeskiedenis is dus 'n hoogtepunt vanwaar teruggekyk word oor die geskiedenis tot by Pase, maar ook vooruit tot vandag.

Pont het die klem van die Nederlandse na die reformatoriese Kerkgeskiedenis verskuif omdat die Kerkgeskiedenis soos hy dit aanbied eintlik dogmengeskiedenis in 'n meer geskiedkundige perspektief is as wat in die bekende dogmengeskiedenisse voorkom. Dit beteken dat hy die geskiedenis aanbied wat nie maar net historiese feite is nie, maar wat te doen het met die ware leer wat die kerk vandag aanhang. En as sodanig het die reformatoriese Kerkgeskiedenis meer grondliggende betekenis vir die kerk vandag as wat ná die Dordtse sinode in Nederland op kerklike terrein plaasgevind het. In dié verband is dit belangrik om op te merk dat, wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref, daar, afgesien van enkele minder belangrike veranderings, nog nie werklik gewysig is aan die noodsaaklike hoofstukke van die ware leer (*necessaria verae doctrinae capita*) soos dit by die Reformatore na vore kom nie. Intussen het daar wel uitbreidings gekom in die leerstukke wat moet antwoord gee op die vraagstukke van vandag. Verder is dit opmerklik dat Pont die Reformatore almal laat meespreek om die bydraes (meer of minder) wat hulle gelewer het onder die aandag te bring.

Uiteraard is dit veral Luther en Calvyn wat aan die orde kom, met die klemverskuiwing sedert 1974 al meer vanaf Luther na Calvyn. Die Internasionale Kongres vir Calvynnavorsing wat met sy eerste byeenkoms te Amsterdam in 1974 nog die Europese Calvynkongres genoem is en waaraan skrywer in Münster, Duitsland, meegewerk het, was die inspirasie vir die ontstaan van 'n Suid-Afrikaanse Calvynkongres. Die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk het op 10 en 11 Augustus 1977 onder voorsitterskap van Pont die eerste Calvynkongres in Suid-Afrika gehou, waarheen prof dr H H Eßer as enigste buitelandse gas uitgenooi was. Sedertdien het dit ontwikkel in 'n vierjaarlikse Suid-Afrikaanse Calvynkongres waaraan, naas Suid-Afrikaanse Calvynkenners, ook verskeie buitelandse geleerdes deelneem.

Prof Eßer van Münster in Duitsland het, ná die eerste Suid-Afrikaanse kongres, die inisiatief geneem om die Suid-Afrikaners na die Internasionale Calvynkongres te laat uitnooi. Sedert 1978 is Pont en sedert 1982 ook skrywer gereeld uitgenooi na die vierjaarlikse internasionale kongresse. In 'n stadium toe Suid-Afrika selfs op kerklike terrein al meer geïsoleer geraak het, kon die Departement dus daarin slaag om internasionale verbintenisse op te bou wat nie net aan die Departement nie, maar ook aan ander teologiese fakulteite en geleerdes in Suid-Afrika, internasionale akademiese erkenning verleen het. Hier te lande het die Calvynkongresse

gelei tot 'n herontdekking van Calvyn, nie net in die Nederduitsch Hervormde Kerk nie, maar in Suid-Afrika as 'n geheel.

Dit het egter nie die belangstelling in veral Luther laat verflou nie. In 1983, die jaar waarin Luther se vyfhonderdjarige geboorteherdenking wêreldwyd gevier is, ontstaan twee werke oor Luther wat in 1984 gepubliseer is. Die een, 'n bundel referate wat die resultaat is van die samewerking tussen die Hervormde Teologiese Opleiding en die Kerkhistoriese Genootskap van die Nederduitsch Hervormde Kerk, hanteer die vraag 'of die antwoorde wat Luther verskaf het, nog integreerbaar is binne ons teologiese denkarbeid...' (Luther 1984:i). Die ander, 'n lewenskets van Martin Luther deur A D Pont, dui Luther aan as 'een van die grootste kerkvaders van alle tye...' (Pont 1984:viii). Pont (1984:1) verwoord die betekenis van Luther, die baanbreker van die Hervorming soos volg:

> Deur sy lewe en werk het 'n nuwe verstaan van die Woord na vore gekom, 'n nuwe hervormde kerk en kerkinrigting, 'n nuwe hervormde lewenstyl. So geweldig was die effek van sy werk dat die geskiedenis van kerk en wêreld in Europa in nuwe bane gelei is. Luther staan op een van die groot keerpunte van die geskiedenis van die kerk en so groot was sy invloed dat selfs vandag, vyfhonderd jaar na sy geboorte, dit nog merkbaar is. Hoewel ons in Suid-Afrika in hoofsaak onsself as navolgers en geestelike erfgename van Johannes Calvyn...beskou, is Luther se teologiese opvattings nog steeds vir ons van geweldige betekenis.

In dieselfde jaar word die eerste seminaar aan die Fakulteit oor Luther se 95 stellings deur skrywer met die medewerking van die reeds gemelde prof Eßer van Münster, Duitsland gehou.

Net soos Luther word die ander kerkhervormers gewaardeer vir die besondere rol wat elkeen van hulle in die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk gespeel het: Melanchton as die *praeceptor germaniae*, Bucer die voorloper van Calvyn, Bullinger die man van die verbondsteologie, die Hugenote as die standvastiges in die geloof en, soos die Hollanders, ook fisiese voorvaders van baie Afrikaners. Ook die figure aan die rand van die Hervorming sowel as teen die Hervorming, byvoorbeeld die Anabaptiste en die Roomse kontra-reformasie, kom onder die aandag as persone en bewegings wat help vorm het aan die verlede wat ook die verlede van die Nederduitsch Hervormde Kerk is. Weer eens, elke aparte bydrae word na waarde geskat in soverre dit deel vorm van die geheel van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit beteken dus dat die veelsydigheid van die teologie van die Hervorming op dié manier belig word as 'n middel om die Woord vandag in die twintigste eeu te help verstaan. Terwyl daar dus 'n besliste voorkeur be-

staan vir die geestelike erfenisse van Calvyn, het die ander figure en bewegings uit dié tyd elk hulle eie betekenis en waarde.

Die Bybels-reformatoriese teologie, soos verwoord in die belydenisskrifte van die Hervorming, vorm die maatstaf waarmee die geskiedenis van die kerk sedert die Hervorming gemeet word. Dit is selfs die norm vir die Kerkgeskiedenis van voor die Hervorming (Pont 1991b:67), omdat aanvaar word dat dit 'n samevatting van die Woord is wat in alles met die Woord ooreenstem (Pont 1981:242). Inderdaad beskryf die belydenisse die grense van die kerk (Pont 1981:240) en vorm as sodanig die maatstaf vir die beoordeling van die geskiedenis van die kerk in sy struikelgang deur die eeue. Dit is 'n bevestiging van die feit dat die vakopdrag in die Departement 'n opdrag vanweë die kerk is (vgl Pont [1957]:7).

Die post-reformatoriese periode wat strek van ongeveer 1648-1914 is die tydperk waarin veral aandag gegee word aan die verskillende teologiese strominge, veral soos wat dit via Nederland invloed uitoefen op Suid-Afrika. Die protestantse skolastiek, die Piëtisme, Metodisme en *reveil*, die *Aufklärung*, die groot verskeidenheid Subjektiewe Teologieë van Europa in die negentiende eeu en uiteindelik die verskillende teologiese modaliteite in die Nederlandse Hervormde Kerk van die negentiende eeu word belig. Terwyl die teologiese strominge na feite en inhoud objektief daargestel word, bly die norm steeds die Bybels-reformatoriese teologie waaraan hulle diensbaarheid al dan nie vir die kerk gemeet word.

Dit is veral die *Aufklärung* wat skerp onder die soeklig kom, aangesien dié gedagtewêreld met sy beklemtoning van die menslike rede in Europa en die Angelsaksiese wêreld die erfenissse van die Hervorming tot 'n groot mate vernietig het. Daarenteen het die Afrikaner vanweë sy isolasie sedert 1652, tot in die middel van die twintigste eeu nog nie blyke gegee van werklike *Aufklärungs*denke in sy teologie en sy lewens- en wêreldbeskouing nie (Steenkamp 1987:26-27). Miskien verklaar dit die kommunikasiegaping tussen die Afrikaner en die res van die teologiese wêreld – die rede waarom die Afrikaner vir die res van die wêreld so ongelooflik naïef voorkom. 'n Noukeurige ontleding en verstaan van die *Aufklärung* kan daarom die kommunikasiegaping help oorbrug.

Anders as die *Aufklärung*, het die Nadere Reformasie 'n baie sterk invloed op Suid-Afrika uitgeoefen. Die Subjektiewe Teologie van dié geestesstroming wat sterk verskil van die reformatoriese objektiewe heil in Christus kom onder aandag in die Departement. Die doel daarmee is om die godsdiensbelewing van die Voortrekkerkerk te verstaan en in perspektief te plaas. Dit is noodsaaklik, aangesien S P Engelbrecht in sy stryd teen die Metodisme nie die sterk invloed van die Nadere Reformasie na waarde geskat het nie.

Die Algemene Kerkgeskiedenis word afgesluit met die dosering en bestudering van die Nederlandse kerkgeskiedenis van die negentiende eeu, egter sonder om die ontwikkelinge in veral Duitsland uit die oog te verloor. Die Nederlandse Hervormde Kerk van ná 1795 is kerkregtelik 'n produk van die *Aufklärung* soos wat in die Algemeen Reglement van 1816 uitgedruk word. Die feit dat die belydenis in hierdie bestuursmatige stelsel nie kon funksioneer nie (Rasker 1974:29), het verwoestend ingewerk op kerk en teologie (Botha 1973:29). Kennisname van dié verwikkelinge is noodsaaklik in die Departement, aangesien die Nederduitsch Hervormde Kerk ná sy vestiging in Transvaal sy eerste predikante uit Nederland beroep het. Die gevalle Begeman en Ruysch van Dugteren dui egter aan dat daar nog heelwat navorsing gedoen sal moet word om die werklike invloed van die negentiende-eeuse Nederlandse teologie op die Nederduitsch Hervormde Kerk te bepaal.

As onderdeel van die Algemene Kerkgeskiedenis laat Pont die geskiedenis van die Ekumeniese Beweging sedert 1976 in die Departement doseer, aanvanklik deur J J Steenkamp en later deur J P Labuschagne. Pont se belangstelling in veral die Wêreldraad van Kerke begin reeds tydens sy studietyd in Nederland. Na 'n aanvanklike positiewe houding teenoor dié organisasie (Pont 1955:212), het Pont al meer oortuig geraak dat die ekumeniese teologie antiteties teenoor die Bybels-reformatoriese teologie staan. Veral die Wêreldraad van Kerke se sosiaal-politieke bemoeienis met die Suid-Afrikaanse rassevraagstuk gedurende die dekades vyftig en sestig het hierdie opinie versterk. Persone soos Geyser en Van Selms het die *Social Gospel* van dié organisasie verwelkom en op grond daarvan geëis dat weggedoen moet word met die beleid van apartheid en die lewens- en wêreldbeskouing van die die Afrikaner wat die grondslag daarvan is. Pont het opgetree as die kampvegter vir die standpunt van die Nederduitsch Hervormde Kerk, uitgedruk in Art III van die Kerkwet wat inmiddels baie ouer as die apartheidsbeleid van die vroeëre Nasionale Party en eerder uitdrukking van die volkskerkgedagte was. In die stryd het hy die ideologiese grondslag van die Wêreldraad van Kerke duidelik onderskei en afgewys as 'n geestesrigting wat *in essentia* vreemd is aan die Bybels-reformatoriese teologie en daarom noodwendig ook kerk- en volksvyandig is soos wat later geblyk het.

Onder Pont se leiding het drie studente oor die ekumeniese beweging gepromoveer: R Sauerzapf in 1975, met 'n proefskrif getiteld 'Die Säkularisierung der Genfer Oekumene', J P Labuschagne in 1987 met 'Die historiese konteks van twintigste-eeuse samelewingsteologieë' en J J Steenkamp in 1987 met 'Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika'.

Benewens die feit dat Sauerzapf die enigste buitelander is wat nog aan die Fakulteit gepromoveer het, is sy promosie bevestiging daarvan dat Pont se standpuntinname teen die ekumenisme ver buite die grense van die land bekend geword het.

## SUID-AFRIKAANSE KERKGESKIEDENIS

Die dosering van die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis in die Departement konsentreer hoofsaaklik op die aanbieding van die geskiedenis van die Nederduitsch Hervormde Kerk. Dit raak die ander kerke in Suid-Afrika slegs in dié mate waarin dit vir die Nederduitsch Hervormde Kerk ter sake is. Die dosering behels hoofsaaklik die historiese gebeure, terwyl slegs in die verbygaan aandag gegee kan word aan dieperliggende teologiese kwessies asook kerkregtelike beginsels wat in die geskiedenis na vore kom. Die groot hoeveelheid werk en die min tyd wat daarvoor beskikbaar is, maak dit onmoontlik om meer as 'n oorsig van die geskiedenis aan te bied.

Pont het hierdie gebrek aan teologiese diepgang vroeg reeds bemerk en opgeroep tot die bestudering van teologiese en geestesstrominge in die geskiedenis van al die Suid-Afrikaanse kerke (Pont 1967a:42). Self het hy die probleem op twee maniere aangepak, naamlik eerstens deur studente hulle skripsies en proefskrifte oor besondere aspekte wat belig moes word, te laat skryf. So kon hy die besondere plek van ds M J Goddefroy na vore laat kom met die hoogstaande proefskrif van S J Botha, 'Ds Marié Joseph Goddefroy – 1848-1920: Sy lewe en betekenis', in 1979. Elkeen van die volgende proefskrifte behandel belangrike aspekte en figure uit die geskiedenis: J M G Storm 1991: 'Die Voortrekkerkerk', S P Pretorius 1986: 'Die Kerkvereniging van 1885 – Sy aanloop en mislukking' en H J Botes 1989: 'Ds L E Brandt [1873-1939] as kerklike leier en bouer'.

Die tweede manier waarop Pont die probleem aangepak het, is deur self oor 'n verskeidenheid aspekte in die Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis te skryf. Sy werk wissel van akademiese artikels tot rapporte, adviese en populêre geskrifte wat op verskillende terreine van die kerklike lewe gebruik word. Sy wetenskaplike artikels kan in ongeveer twaalf kategorieë verdeel word waarvan die ses belangrikstes die volgende is: Kerkreg (29%), Reformasie (20%), Kerk en volk (14%), Historiografie (8%), wyere Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis (8%) en Piëtisme (8%). So kan sy populêr-wetenskaplike geskrifte in ongeveer 14 kategoriee verdeel word waarvan die volgende sewe die belangrikste is: Ekumene (20%), Kerk in die wêreld (15%), kerklike figure (11%), Kerk in die buiteland (9%), Kerkreg (8%), predikante se dienswerk (8%) en Reformasie (7%).

In totaal dek sy skryfwerk die hele spektrum van die kerklike lewe soos dit in Suid-Afrika na vore kom. Die opmerklike is dat hy altyd iets nuuts bestudeer en met nuwe argumente na vore kom, nie ter wille van iets nuuts nie, maar om nuwe teologiese antwoorde op die vrae van sy tyd te verskaf. Daarom is sy geskiedskrywing nooit 'n vorm van repristinasie nie, maar wel die gesprek met die verlede waarin die Woord van God as die altyd-teenwoordige norm geld.

Hoewel hierdie werk enigsins buite die formele doseerwerk in die Departement geleë is, vorm dit van die belangrikste resultate van Pont se akademiese werksaamhede. Die uitstaande kenmerk van die werk is die hoë standaard van navorsing wat deurgaans gehandhaaf word.

Dit is opmerklik dat die teologiese debat in die Nederduitsch Hervormde Kerk tot in die begin van die sestigerjare hoofsaaklik deur die debat in Nederland bepaal is. Nadat die bande met Nederland algaande losser geword het, het selfstandige teologiese arbeid al meer aan die Fakulteit verskyn. Pont het hieraan 'n vormgewende aandeel gehad. Sy laasgemelde hoeveelheid geskrifte het hierdie werk verrig. Daar kom hoofsaaklik vier kenmerke in hierdie werk na vore:

Ten eerste kom die reeds gemelde feit na vore dat geskiedskrywing vir Pont nie bloot 'n kroniek van gebeure is nie, maar hy plaas 'n teologiese perspektief op gebeure uit die kerk se verlede. In hierdie verband is dit sy verdienste dat hy die inhoude van die volkskerkgedagte en die verbondsteologie in 'n Suid-Afrikaanse konteks belig het. Daarmee het hy die grondslae gelê waarop 'n tipiese Hervormde (Ned Herv Kerk) teologie kan ontwikkel.

Vervolgens het hy opnuut gewys op die noue verbondenheid van die Nederduitsch Hervormde Kerk met die Afrikanervolk. Hy beskryf dié kerk as faktor in die syn en die welsyn van die Afrikanervolk. In hierdie verband is dit belangrik om op te merk dat hy onderskei tussen teologiese bemoeienis en ideologiese beheptheid, of soos hy dit self stel: 'Dit is nie die volk wat die Kerk bepaal nie maar die Kerk wat rondom die Woord van God die hele volk vergader en aan die volk die Woord van God bring soos dit op alle lewensterreine geld' (Pont [1969]:216).

Derdens kan Pont se teologie met dié van Calvyn vergelyk word in dié opsig dat hy antwoorde bied op die vrae van sy tyd. Hy bedryf nie teologie om daarmee 'n esoteriese akademiese hoogstandjie te bereik wat wêreldwyd onder geleerdes miskien erken word, maar niksseggend vir die kerk is nie.

Die vierde kenmerk wat eintlik die kulminasie van geskiedkundige arbeid op kerkregtelike terrein is, is die feit dat Pont met sy arbeid die usansie van die Nederduitsch Hervormde Kerk 'n baie gewigtige rol laat speel het in die kerk se besluitnemingsproses op verskillende terreine. Dit beklemtoon die teologiese perspektief wat hy op die Kerkgeskiedenis plaas. Dit is egter baie belangrik om op te

merk dat hy die geskiedenis nooit as openbaringsgeskiedenis aangebied het nie. Deur middel van sy memoranda en rapporte het hy die usansie van die kerk so sterk na vore gebring dat talle besluite van die kerk op grond van die usansie geneem is. Met hierdie arbeid het Pont die Kerkgeskiedenis gevestig as die aanbieder van die usansie van die kerk, 'n saak wat die voortgaande noodsaaklikheid van die bestudering en dosering van die Kerkgeskiedenis onderskryf. In 'n sekere sin, hoewel dit nie openbaringsgeskiedenis is nie en ook nie so deur Pont hanteer word nie, verkry die Kerkgeskiedenis so 'n normerende rol in die lewe van die kerk.

## KERKREG

Terwyl elders oor Kerkreg geskryf word, word hier volstaan met enkele opmerkings. Die eerste is dat Pont se belangrikste en indrukwekkendste skryfwerk juis op die terrein van die Kerkreg verskyn het. Nadat S P Engelbrecht die Kerkreg eintlik maar verstaan en hanteer het as 'n bespreking van die bestaande Kerkwet, het Pont na die grondslae van die Kerkreg gaan soek. Vanaf Calvyn het hy op voetspoor van die vadere gevorder tot die hede waar hy self kerkordenend besig is. So word Pont die grondlegger van die wetenskaplike studie van die Kerkreg wat die Nederduitsch Hervormde Kerk betref.

Anders as vir B J Engelbrecht, vir wie dit goed genoeg is as die inhoud van die kerklike verkondiging reg is, is dit vir Pont belangrik dat die uiterlike vormgewing van die kerk se leer oor homself korrek is. Anders ook as Luther, vir wie die kerk maar iets uiterliks was, het Pont die waarde van die kerk raakgesien as die uiterlike vormgewing van die mens se gehoorsame antwoord op die Woord van God. Soos hy self formuleer (Pont 1981:11): 'Dit kan selfs so gestel word dat die kerkordes die antwoord is op die vraag: "Hoe moet die feit dat Jesus Christus die enigste Hoof en Heer van sy kerk is prakties hier op aarde verwerklik word?"'

Pont het die sterk verband tussen Kerkgeskiedenis en Kerkreg raakgesien en aangetoon. Dit kan as 't ware gestel word dat die bestudering van die Kerkgeskiedenis noodwendig uitloop op die formulering van kerkregtelike sake. Hy voer self hoofsaaklik twee redes aan waarom Kerkreg by die historiese vakke ingedeel behoort te word. Die eerste rede is prinsipieel: Die kerk is nie net 'n dogmatiese saak nie, maar ook 'n kerkordelike begrip. Omdat die kerk as 'n sigbare verskynsel bestudeer word, is ook sy ordestruktuur en reg vir die Kerkgeskiedenis belangrik. Die tweede rede is dat die Kerkorde ook uit die gestadige gewoonte van die kerk afgelei word. Daarom is die Kerkreg sonder die Kerkgeskiedenis onmoontlik.

Naas talle artikels en memoranda wat antwoorde gee op kerkregtelike vrae in die kerk, het drie selfstandige publikasies uit Pont se pen verskyn, naamlik 'Die amp in die Kerk' (1979), en die twee dele van 'Die Historiese Agtergronde van ons Kerklike Reg' onderskeidelik in 1981 en 1991. Die verskyning van die eerste deel is deur

C H Rautenbach beskryf as Pont se *opus magnum*. Die tweede deel sou sekerlik ook sulke hoë lof aan die groot geleerde ontlok het. In die twee werke gee Pont 'n historiese en sistematiese oorsig van die Kerkreg vanaf 1541 tot 1619 (Deel I) en 1619 tot 1852 (Deel II).

Onder Pont se leiding promoveer B J van Wyk in 1990 met die proefskrif getiteld 'Die Presbiteriaal-Sinodale Kerkbegrip', wat in 1991 gepubliseer is. So het Pont op aldrie terreine van sy vakopdrag daarin geslaag om genoeg belangstelling te kweek dat daar voortsetting van sy arbeid kan wees.

Pont het die Kerkreg inderdaad uitgebou as 'n hulpvak ten dienste van die kerk. Hy het daarmee 'n stewige fondament gelê waarop later voortgebou kan word. Vrae wat hy vir die toekoms stel, is eerstens hoe die vergaderings van die Kerk die geformuleerde standpunte toegepas het en uitgeleef het. Tweedens moet gevra word hoe hierdie beslissings die kerklike lewe en veral die kerklike verkondiging van die Woord gedien het.

## DOSEERHULP

Pont het die gedagte van tydelik-deeltydse dosente aan die Fakulteit gevestig met die aanstelling van J J Steenkamp in 1976, aanvanklik om die geskiedenis van die Ekumeniese Beweging te doseer. Dié gebruik het navolging in die Fakulteit gevind. In die Departement het die volgende persone doseerhulp gelewer:

| | | |
|---|---|---|
| J J Steenkamp | 1976-1978: | Ekumene |
| | 1982-hede: | Hervormingsgeskiedenis en Kerkreg |
| S J Botha | 1977-1979: | Hervormingsgeskiedenis |
| J M G Storm | 1979-1981: | Hervormingsgeskiedenis en Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis |
| | 1988-hede: | Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis |
| J P Labuschagne | 1988-hede: | Ekumene en Dogmengeskiedenis |
| S P Pretorius | 1988-hede: | Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis |
| B J van Wyk | 1991: | Kerkreg |

Dit is nie hier moontlik om die invloed van dié persone op die teologiese arbeid van die Departement te bepaal nie. Die nut wat hulle gehad het, was om die doseerlas vir Pont sodanig te verlig dat hy sy tyd aan navorsing en skryfwerk kon wy – iets wat hy met ywer, vreugde en besondere resultate gedoen het.

## SLOTOPMERKING

Pont se akademiese loopbaan oorspan 'n veelbewoë tydperk in ons kerk en volk se geskiedenis. Dit is 'n tydperk van oorwinning, hoogbloei en bedreiging in die lewe van kerk en volk. Pont het die rol vervul van teoloog, profeet en volksman. 'n Vol-

standige beoordeling van sy lewe en werk is 'n taak vir toekomstige geskiedskrywers. Om daaraan reg te laat geskied, herhaal ek hier die oproep dat 'n outobiografie ná 1992 sal verskyn.

## Aantekening

* Tydens my voorbereidings vir die eerste Internasionale Calvynkongres (toe die Europese Calvynkongres genoem) in 1973 te Münster, Duitsland het ek aan prof dr W H Neuser, die organiseerder en huidige sekretaris, gevra waarom hulle nie Suid-Afrikaners daarheen nooi nie. Sy antwoord was dat dit 'n Europese kongres was, maar dit was duidelik dat die politieke situasie sodanig was dat niemand graag met Suid-Afrika geassosieer wou wees nie.

  Terug in Suid-Afrika het ek voor 'n besoek van my goeie vriend en hoogleraar, prof dr H H Eßer die saak aan prof Pont gestel. Sy onmiddellike reaksie was dat ons dan ons eie Suid-Afrikaanse Calvynkongres hou en, na sy ontmoeting met Esser, was laasgenoemde die logiese keuse as 'n gas uit die buiteland om die eerste Suid-Afrikaanse kongres by te woon wat ook in 1977 gebeur het. Ná Esser se ontmoeting met Suid-Afrikaners het hy die inisiatief geneem om hulle na die Internasionale Calvynkongres te Amsterdam in 1978 te laat uitnooi.

## Literatuurverwysings


Bakhuizen van den Brink, J N 1965. *Handboek der Kerkgeschiedenis*, Deel 1. Den Haag: Bert Bakker, Daamen N V.

Berkhof, H 1966. *Christus de zin der geschiedenis*. 5e druk. Nijkerk: Callenbach.

Botha, S J 1973. *Die volkskerk*. Pretoria: HAUM.

Cullmann, O 1962. *Christus und die Zeit*. 3. Auflage. Zürich: EVZ-Verlag.

Dreyer, P S 1974. *Inleiding tot die filosofie van die geskiedenis*. Pretoria: HAUM.

Engelbrecht, B J 1991. Onderhoud met skrywer. Pretoria.

Erasmus, D F 1958. Prof dr S P Engelbrecht. *Almanak* 52, 38-41.

Heussi, K 1971. *Kompendium der Kirchengeschichte*. 13. Auflage. Tübingen: Mohr.

Martin Luther: 1483-1546, 1984. Pretoria: KITAL.

Michel, O 1960. *Der Brief an die Hebräer*. 12. Auflage. Göttingen: Vandenhoeck. (K EK Meerdas NT: Meyers Kommentar XIII.)

Pont, A D 1955. *Nicolaas Jacobus van Warmelo*. Utrecht: Kemink.

--- [1957]. Die Geskiedenis van die Christendom. *HTS* 13/1, 2-8.

--- 1958. Prof dr S P Engelbrecht. *Almanak* 52, 42-46.

--- [1962]. Enkele opmerkings oor objektiewe kerkgeskiedskrywing. *HTS* 18/4, 146-153.

Pont, A D 1967a. Die Geskiedenis van die Afrikaanse kerke in die Suid-Afrikaanse historiografie, in Cronje, G (red), *Aspekte van die Suid-Afrikaanse historiografie*, 40-57. Pretoria: Van Schaik.

--- [1967b]. Vyftig Jaar Geskiedenis van die Christendom aan die Teologiese Fakulteit, Afdeling A van die Universiteit van Pretoria, 1917 tot 1967. *HTS* 22/4, 153-176.

--- [1969]. Kerk en Volk. *HTS* 25/3 & 4, 202-218.

--- 1979. Die amp in die Kerk. Pretoria: HAUM.

--- 1981. *Die historiese agtergronde van ons kerklike reg*, Deel 1. Pretoria: HAUM.

--- 1984. *'n Man van die Woord: 'n Lewenskets van Martin Luther*. Pretoria: KITAL.

--- 1991a. Ongepubliseerde lesing, Universiteit van Pretoria.

--- 1991b. Studiehandleiding vir Algemene Kerkgeskiedenis 400. Universiteit van Pretoria.

--- 1991c. *Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg*, Deel 2. Pretoria: KITAL.

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys 1982. *Calvinus Reformator: His contribution to theology, Church and society*. Potchefstroom: PU vir CHO.

Rasker, A J 1974. *De Nederlandse Hervormde Kerk vanaf 1795*. Kampen: Kok.

Steenkamp. J J 1987. *Die Wêreldraad van Kerke se bemoeienis met die rassevraagstuk in Suid-Afrika: 'n Histories-analitiese oorsig van die periode 1950-1970*. Ongepubliseerde DD-proefskrif, Universiteit van Pretoria.